



Intensiewer bejaardesorg nodig

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Kinders van bejaardes, vooggemeentes, NHSV'S, al die gemeentes, al die gelowiges, kom ons vat hande en ondersteun ons Kerk se tehuise vir bejaardes en al die bejaardes op ons lewenspad.

Gedurende my kinderjare was daar baie min bejaardes. Sondag by die erediens was daar net so hier en daar 'n gryskop. Selfs tot in die 1980's en 1990's was dit nie anders nie. Versorgingsoorde vir bejaardes was skaars.

In daardie jare het die kerke se bediening hoofsaaklik gefokus op die jeug. Heelwat energie en geld is aan jeugbediening bestee. Predikante is spesiaal afgesonder vir jeugbediening en kategese. Aan die ander kant is daar in vergelyking met jeugbediening nie baie in ons gemeentes gedoen vir bejaardesorg nie. Dit beteken nie dat die bejaardes in ons Kerk verwaarloos is nie. Dit was veral die NHSV wat besondere aandag aan bejaardesorg gegee het. Deur die jare het hulle nie minder nie as vyf tehuise vir bejaardes tot stand gebring. Hierdie tehuise is toegesê aan vooggemeentes wat met groot sorg en empatie finansiële ruim bygedra het tot die versorging van hierdie bejaardes. Ander bejaardes in gemeentes en ander tehuise vir bejaardes is goed versorg.

Vandag het die situasie verander. In ons winkels, op ons strate, in ons kerke is die witkoppe feitlik oral oorheersend. In ons dorpe en stede kan ons amper sê dit wemel van aftreeoorde en ouetehuse. As ons kyk na ons gemeentes se samestelling van lidmate, sou ons verwag dat die klem vandag in die kerklike bediening op bejaardesorg sou val. In baie gemeentes gebeur dit. In baie word feitlik niks in hierdie verband gedoen nie.

In ons aftreeoorde en ouetehuse is daar lidmate van feitlik alle kerklike denominasies. In baie gevalle bestaan die geestelike versorging uit 'n enkele erediens wat een keer per week deur een of meer predikante van geselekteerde kerklike denominasies gehou word. Die lidmate van ander denominasies gaan gewoonlik nie na daardie erediens nie. Alles bymekaar getel, is daar in die meeste ouetehuse en aftreeoorde nie genoegsame pastorale versorging nie. Sinvolle begeleiding word veral geblokkeer deur kerkisme. Die gesindheid is oorheersend dat daar pastoraal net na die eie kerk se lidmate omgesien word. 'n Missionale gerigtheid ontbreek geheel en al.

Dit is nodig dat ons kerke hul bediening van bejaardes sal intensiveer. Voortdurende bestekopname met die oog op die identifisering van behoeftes is noodsaaklik. Die meeste van ons Kerk se ouetehuse het 'n groot behoefte aan finansiële ondersteuning. Staatsubsidies het verval. Vooggemeentes kom nie meer altyd hul verantwoordelikhede na nie. Baie bejaardes moet feitlik net van 'n karige staatspensioen leef.

Die behoeftes van ons bejaardes is egter meer as net finansiële. Baie bejaardes voel die woorde van Prediker 12 aan die lyf: hande bewe, bene beweeg moeilik, kan nie meer behoorlik kou nie, oë moet twee maal kyk om te sien, hande is altyd by die ore om goed te kan hoor, stem is dof, slaap is min. Hierdie feitlik opgebruikte liggaamsdele veroorsaak dat die bejaarde bang en onseker is oor feitlik al die aspekte van die lewe. Daarby dra talle die smart oor die verlies van 'n lewensmaat, oor kinders en kleinkinders en vriende wat nie meer daar is nie of ver in 'n ander land woon. Dan is daar ook nog die onsekerheid oor en die vrees vir die daaglikse veranderende samelewing met politieke onstuimigheid, en by dit alles die dood wat nader is as ooit tevore.

Mag dit nooit van ons gesê word nie: *Julle het my verwerp toe ek oud geword het, my alleen gelaat toe my kragte ingegee het* (Ps 71: 9 en 10).

Lief en leed



Dr Johan van den Berg

- Ds At (emeritus) en Marietjie van den Berg se seun, Johan (53), is op Vrydag 30 Augustus in 'n motorongeluk oorlede. **Dr Johan van den Berg** was 'n bekende oogarts (oftalmoloog) verbonde aan die Centurion Ooghospitaal. Hy het Suid-Afrika ook internasionaal as vyfkampatleet verteenwoordig. Hy was op pad na Trichardt, Mpumalanga, waar hy 'n kliniek gehad het waar hy Vrydae pasiënte van die omgewing gesien het, toe die trompobotsing plaasgevind het. Hy word ook deur sy vrou, Carien, en hul vier dogters oorleef. Die begrafnis vind **Vrydag 6 September om 10:00** plaas by die 3Ci-kerk (Capital City Church International) in Zwavelpoort in die verre ooste van Pretoria. Ons gebede vergesel die familie in hierdie moeilike tyd. ('n Ander seun van ds Van den Berg is 28 jaar gelede in 'n motorfietsongeluk oorlede.)
- **Die volgende predikante verjaar tot 13 September, en word hartlik geluk gewens:**
 - o Vrydag 6 September: Ds P (Paul) Buitendag (Volksrust)
 - o Saterdag 7 September: Di JJP (Kobus) Müller (emeritus) en DJB (Bouwer) Serfontein (Vereeniging)
 - o Sondag 8 September: Di WJ (Cobus) Jansen van Nieuwenhuizen (Hartebeeshoek) en M (Manda) le Roux (Weskus)
 - o Woensdag 11 September: Ds APJ (Dries) Beukes (emeritus/Swartkop)
 - o Vrydag 13 September: Dr CJ (Johann) Beukes (Weltevreden)

Gemeentes en bediening

72ste AKV: Sondag 22 – Donderdag 26 September 2019. Verskeie gemeentes het nog nie hul geloofsbriewe aan die kantoor van die Kommissie van die AKV gestuur nie. Indien 'n gemeente om die een of ander rede geen afgevaardigde kan stuur nie, moet die geloofsbrieff steeds ingestuur word. Ringskribas moet asseblief bevestig dat al die gemeentes in die ring wel hul geloofsbriewe ingestuur het. Volgens die besluit van die AKV aanvaar al die gemeentes van die Kerk kollektief verantwoordelikheid vir sinodale aktiwiteite, insluitend die AKV, en moet gemeentes wat geen afgevaardigde stuur nie, steeds die registrasiekoste aan die Raad van Finansies oorbetaal. Gemeentes moet **nie later nie as Maandag 9 September** hul geloofsbriewe stuur na karen@nhk.co.za. Probeer asseblief ook om goeie elektroniese foto's van die predikant en ouderlingafgevaardigde(s) daarmee saam te stuur.

- **Kerkargief by die AKV.** Gemeentes wat oorweeg om argiefstukke by die AKV af te dra, moet asseblief **vooraf** met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, in verbinding tree by argief@nhk.co.za. Let op die **riglyne vir bewaring** (www.nhka.org → Amptelik → Argief → Versamelbeleid van die Kerkargief → Riglyn vir bewaring van argiewe) vir gemeentelike argivalia en sluit net stukke in wat vir permanente bewaring in aanmerking kom. Pakkette, bokse en koeverte wat bedoel is vir die Kerkargief moet deeglik gemerk wees vir die Kerkargief en sal net **Maandag 23 en Dinsdag 24 September** by Gemeente Wonderboom ontvang kan word.
- **Ds GFJ (Gert) Beukes** (emeritus) is beroep na Coligny. Hy het die beroep aanvaar.
- Die **Grootfontein/Tsumeb-kombinasie** beskik tans oor 'n **vakante werkrumte vir voltydse bediening**. Die afstand tussen die twee gemeentes is 60 km, met eredienste in albei gemeentes op Sondae, sowel as eredienste op Oshakati (290 km vanaf Tsumeb) en Rundu (260 km vanaf Grootfontein) soos deur die kerkrade bepaal. Versorgingsvoordele is volgens die Kerk se vergoedingskale en 'n finale pakket sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word. Aansoekers tot en met 'n 10-jaar-skaal sal voorkeur geniet. Die kerkrade behou die reg om ook kandidate wat nie aansoek doen nie te oorweeg, tot die kortlys toe te voeg of weg te laat, asook om die werkrumte te vul wanneer dit geleë is. Belangstellende predikante en proponente van die NHKA kan die konsulent, ds Nelius van Niekerk, by neliusvniekerk@gmail.com kontak met verdere navrae. **Die sluitingsdatum vir die**



Ds Gert Beukes

aansoek is 30 September 2019. Die beroep is onderhewig aan die verkryging van 'n werkpermit vanaf die Namibiese regering.

- Die **SP Engelbrecht-museum** is op soek na 'n spogmoorie Nagmaaltafeldoek en valsdoeke vir ons Nagmaaluitstaltafel. Dalk gehekel of met kant, borduurwerk of iets dergeliks, asseblief. Dalk is daar 'n ekstra een wat gemeentes nie meer gebruik nie. Die kosters en diakens sal weet, veral na afloop van Augustus se Nagmaal. Kontak ds Johann de Bruin by 082 733 3951 of cjdb@telkomsa.net.

Vergaderings

- Donderdag 5 September: Kommissie van die AKV
- Vrydag 6 September: Kommissie van die AKV
- Saterdag 7 September: Kommissie van die ADV
AJV's: Plesion, Kinderhuise en Rata
- Donderdag 12 September: Rata Bestuur

'n Gedig

Lemoene I

Sy pluk lemoene in die tuin.
Hoeveel lemoene, vra die vrou,
kan ek in my hande hou?

Sy wil vir almal van die vrugte vat.
Hoeveel lemoene, wil sy vra,
kan mens in jou arms dra?

Buite die tuin waai 'n woedende wind.
Hoe ver gaan ek kom? dink die vrou,
en sy buig oor haar vrag soos oor 'n kind.

Een lemoen val, dan val daar meer.
Vir hoe lank, wonder die vrou,
kan mens so teen die wind in beur?

Jare daarna kom die vrou
weer te staan voor 'n boom.
Sy dink oor haar lewe soos oor 'n droom.

Sy gee nie meer om oor hoeveel nie.
Waarheen, vra sy nou, waarheen?
Lemoene is padkos. Die vrou pluk net een.

Heilna du Plooy

(Uit: *Versindaba* 2006; saamgestel deur Marlise Joubert)

Kerklike publikasies

- **Bybelse Dagboek / Almanak 2019**
Nou net R100 (versending uitgesluit)
Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk
en 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag
Bestel by sentik@nhk.co.za





Barmhartigheid

- Die **ADV se tema** vir vanjaar is **Laat ons lig skyn** (vgl Matt 5: 14-16). Die volgende inisiatiewe word beplan:
 - o **Klein flitsies:** Die ADV gaan 'n aantal klein flitsies beskikbaar stel @ R50 elk, om die tema prakties uit te beeld.
 - o 'n Groot byeenkoms word beplan vir **Sondagaand 8 September** by **Gemeente Pretoria-Oos**. Alle gelowiges in en om Pretoria word uitgenooi. Die **Transoranjeskool vir Doves se Gebaretaalkoor** gaan onder andere optree, terwyl die flitsies ook beskikbaar sal wees.
 - o Ander gemeentes, gemeenskappe en ringe word aangemoedig om 'n **soortgelyke gesamentlike byeenkoms** te reël. Aangesien die drie susterkerke gesamentlik die stigters van TOIBO was, is dit 'n ideale geleentheid om saam te werk.
 - o Die **Gebaretaalkoor van Transoranje** tree die oggend van **8 September** op by **Gemeente Randburg**.
- Die Sondag net na Losliddag (Vrydag 6 September) word 'n spesiale deurkollekte ten bate van die **Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)** opgeneem. Die geskeduleerde datum is dus **8 September** (hoewel gemeentes 'n ander datum kan kies). TOIBO se missie is om **leerders met spesiale onderwysbehoefte** in staat te stel om hul potensiaal te verwesenlik in elk van die vyf buitengewone skole met 'n Christelike etos (<https://toibo.org.za/?lang=af>). Die fondse wat ingesamel word, word uitsluitlik gebruik om kinders met gestremdhede te help om 'n hoë kwaliteit skoolopvoeding te kry. Dit sluit ook in dat noodsaaklike behoeftes soos klere, toiletbenodigdhede, kos, ensovoorts, vir behoeftige kinders met gestremdhede aandag kry.
- **Beeld-Kinderfonds: Spinmarathon Saterdag 14 September**
 Trap saam vir kinders in nood
 Irene Village Mall
 Meer inligting by www.beeldkinderfonds.co.za
 Navrae: info@beeldkinderfonds.co.za
 076 597 1282
- **Ons Tuis: OTMT.** Na aanleiding van die artikel in *Blitspos* van 1 Augustus 2019 insake OTMT, nooi ons jou graag uit om te gaan kyk wat alles die afgelope 18 maande by die tehuse gebeur het. Klik gerus op hierdie skakel vir 'n videogreep waarna jy kan kyk: https://youtu.be/0_54PumIDII
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria: die ideale plek vir u aftrede. Pragtige, ruim **drieslaapkamer-woonregwoonstelle** beskikbaar teen R1 164 940 vir afgetredenes. Die wooneenhede is beskikbaar vanaf 1 Augustus 2019, in 'n rustige omgewing naby busroetes en 'n winkelkompleks. Verskeie dienste word op die perseel gelewer, asook sosiale aktiwiteite. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n eenslaapkamer-woonregeenheid beskikbaar by Frans Boshoff vir R366 160. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuse vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
Lewensreg te koop
 2-slaapkamer @ R560 000
 1½-slaapkamer @ R520 000
 1-slaapkamer @ R515 000
 Groot tuine om in te ontspan
 Geen versorging
Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
 Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
 012 329 4318 / 084 920 8723



Allegaartjie

In Kennewick, Washington (VSA), is 'n man se 1992 Chevrolet-bakkie gesteel terwyl hy besig was om 'n winkel te beroof. Hy het die sleutels op sy sitplek gelos, en goedere uit die winkel begin dra. 'n Man wat op 'n fiets verbygery het, het die sleutels gesien, sy fiets op die bakkie gelaai, en met die bakkie weggery! Die winkeldief is gearresteer, maar die motordief het weggekom... (Maroela Media, 29 Augustus 2019)

Toerusting

- **Openbare lesing: Prof Thomas Römer**
Maandag 9 September vanaf 13:30
Homoseksualiteit in die Ou Testament
 Ingenieurswese III, Kamer 4 (Vlak 5)
 Kontak Karen Esbagh by karen.esbagh@up.ac.za
 012 420 2510
- **Openbare lesing: Prof Thomas Römer**
Dinsdag 10 September 17:00-19:00
Is the Bible dangerous...?
 Senaatsaal, UP, Hatfield-kampus
 Bespreek asseblief vooraf
 Kontak Karen Esbagh by karen.esbagh@up.ac.za
 012 420 2510
- **Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling**
Lentekonferensie: Dinsdag 17 – Donderdag 19 September
Hoe ons onthou, hoe ons vergeet. Om verbeeldingryk te leef
 Onder meer met Hervormde dosente
 Hoofsprekers: Dinsdag prof Thuli Madonsela
 Woensdag prof Christi van der Westhuizen
 Donderdag Gielie Hoffman
 By Universiteitsoord en UP
 R1 180 per persoon, 30 VBO-punte

Fondsinsamelings

- **Gemeente Silverton: Damesoggend.** Alle dames word genooi om op **Saterdag 7 September** om 09:30 saam te kom kuier en heerlik te eet. Daar gaan ook lyndansers en 'n praatjie oor *Mind Moves* wees. Koste: R100 per persoon (fondse vir barmhartigheid en bejaardesorg). Kaartjies is beskikbaar by Madelein 081 325 0003 of Miempie 082 467 1182. Kom geniet die oggend saam met ons by ons kerkgebou, hv Fakkell- en Presidentstraat, Silverton. Navrae aan ds Henk Labuschagne by 082 375 4321.
- **Gemeente Sionspoort en EPR Sekuriteit** bied op **Saterdag 21 September** 'n **4x4-uitdaging** aan. Daar is drie moeilikheidsgrade om alle vaardigheidsvlakke te toets. Baie aksie en heerlike kos, pret en vermaak (ook vir die kinders) die hele dag. Plek: Doringfonteinpan, Rodora (R41) (26 12'57.60" S, 27 30'22.89" E). Vir meer inligting, kontak dr Johan van Staden by 082 464 1547 of besoek ons op Facebook by EPR 4x4.

Basaars en markte

- **Gemeente Swartkop: Basaar *Onthou jy nog?***
Vrydag 6 September 14:00 tot laat
Irelandlaan 107, Centurion
Pannekoek, kerrie-en-rys, hamburgers, worsrolle
Sosaties, slaptjips, poeding, tuisnywerheid
Gemmerbier, biltong, vars groente en vrugte
Vegan-produkte en kwekery
Baie vermaak vir oud en jonk
Groot kontantpryse te wen!
Skakel Altha by 072 601 6954 vir meer inligting
- **Gemeente Hartebeestpoort: Tradisionele Kosfees**
Saterdag 7 September
Op Brits Mall se parkering
Verskeidenheid heerlike tradisionele geregte
Lekker gebak, vleisverkope en vele ander
Navrae aan gemeentekantoor 012 252 4315
- **Gemeente Eendracht in Leandra: Kleinbeginfees**
Saterdag 7 September vanaf 09:00
Boerekos, motorskou, trompoppies, veiling
Kuiertent, pretpark, kleuterpark
Adam Tas en PJ Pretorius
Vleis R70 per kg (wors en maalvleis)
Toegang R5
Koop kaartjie vir R100 om te wen: 1ste prys: R50 000 kontant
2de prys: Jagpakket
3de prys: Naweek by Olifants River Lodge
Navrae: Kobie 079 527 1854 / Lida 017 683 0067
www.kleinbeginfees.co.za
E-pos: kleinbeginfees@gmail.com
Facebook: **Klein Begin Fees**
- **Gemeente Pretoria-Oos: Kersmark**
24, 25 en 26 Oktober
Delyweg 100, Waterkloofpark
Uitstallers welkom
Kontak Chaneen Dippenaar vir aansoekvorms en meer inligting
kersmark@pretoriaoos.com

Betaalde advertensies in hierdie nuusbriëf

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbriëf geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). (Let asseblief op die nuwe koste.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Here, ek is een van die mense wat oud genoem word.
Ek lewe in die aand. Nie lank nie, dan is dit nag.
Laat my in my laaste treë nie alleen nie.
My lewe het eenmaal waarde en sin gehad.
Ek het gewerk, gelei, invloed uitgeoefen.
Wat ek gedoen het, skuif weg, al hoe verder weg.
Ek bid U, bewaar my van bitterheid,
van die drang om my kennis en my kranigheid te bewys,
van die gevaar om te sê dit was alles reg.
Ek wil leer om te laat los.
Ek wil my op niks anders as u goedheid verlaat nie.
Laat U my nie los nie!
Amen.

Jörg Zink

(Uit: *'n Keur van wysheid*, Nina Smit, 2004)